**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

J. Heidema
**FIETSE, HORLOSIES**
**Kerkstraat 48**

JAARGANG XXIV — SPESIALE UITGAWE VRYDAG 28 MAART 1969 — NR. 5


## Gradeplegtigheid

# REKORDAANTAL DOKTORSGRADE

# 40% gevorderde grade

**'N REKORDAANTAL doktorsgrade — 21 — word Saterdag op die gradeplegtigheid toegeken — vyf daarvan met onderskeiding. Die nagraadse grade beslaan 40% van die groottotaal en spreek boekdele van die belangrike rol wat navorsing op die Puk speel.**

### Daar he'jy dit




Altesaam 656 grade, tagtig diplomas, en twaalf sertifikate word vandag en môre by die gradeplegtighede toegeken.

Met die geleentheid vanmiddag op die Olënpark word 396 eerste grade, 46 voorgraadse diplomas en twaalf sertifikate toegeken. Die grootste aantal is B.A.-grade (177), gevolg deur B.Sc. (71), B.Comm. (65), B.Sc. Farmasie (37), en B. Juris (19).

Môreoggend word altesaam 239 nagraadse grade, 21 doktorsgrade en 34 nagraadse diplomas toegeken. Die nagraadse grade beslaan 40% van die groottotaal, wat beteken dat amper die helfte van die grade wat toegeken word, gevorderde grade is — 'n puik prestasie. Die aantal doktorsgrade is 'n rekord tot op hede, en steek selfs baie groter universiteite verby.

Die vyf doktorsgrade wat met onderskeiding toegeken word, is aan: prof. F. J. Labuschagne —D. Litt. (Afrikaans-Nederlands); mnr. G. L. Strydom — D.Phil. (Liggaamlike Opvoeding); mnr. A. A. F. Teurlinckx — D.Phil. (Kunsgeskiedenis); prof. L. Floor — Th.D. (Teologie) en mnr. J. H. Robbertse — D.Ed. (Opvoedkunde).

## Amper

*FANIE VAN ZIJL, bekende middel- en langafstandatleet van die Puk, het maandagaand op Stellenbosch naelskraap 'n tyd van minder as 4 min. vir die myl opgestel toe hy dié afstand maklik gewen het.*

*Sy tyd was 4 min. 1.4 sek. Sy tyd oor die 1500 meter, wat geneem is oor dieselfde wedloop, was 3 min 45.2 sek.*

*Op dieselfde byeenkoms het Annatjie Botha die vinnigste vroue-atleet oor die 400 meter in Afrika geword. Sy het 'n tyd van 54 sek. vir die 400 meter daargestel. Dit verbeter haar eie nasionale rekord met 0.7 sek.*

# CHRISTELIKE WETENSKAP?

## REGSTUDENTE VERSKIL

**UITEENLOPENDE menings oor die Calvinistiese benadering in die wetenskap is deur die regstudente uitgespreek op 'n simposium die afgelope naweek wat deur die A.S.B. gereël is.**

'n Student van die Universiteit van Pretoria was van mening dat sodra die Bybel in 'n gemeenskaplike ondersoek ingebring word, 'n mens dan nie meer op wetenskaplike gebied beweeg nie. Die Bybel beïnvloed 'n mens subjektief en een van die kenmerke van die wetenskap is dat dit objektief verantwoord moet word. Om 'n voël dus te beskou as iets wat deur die Opperwese geskep is met die bevoegdheid om te vlieg is onwetenskaplik.

Nog 'n Tukkie het erken dat alles deur God geskape is. Hy sien egter nie die nodigheid dat in elke wetenskaplike bestudering eers gesê moet word dat dit deur God geskape is nie, want hy aanvaar dit as vanselfsprekend.

Mnr. Francois Venter het die Puk se standpunt soos volg saamgevat: in alles wat die christen-gelowige bestudeer, sien hy die hand **van God.**

Dit is wel so dat die christen-natuurwetenskaplike en die nie-christen natuurwetenskaplike tot dieselfde gevolgtrekking sal kom. Eersgenoemde het egter 'n wyer perspektief want hy kan sy resultaat by die res van die werklikheid voeg wat gesamentlik deur God **daargestel is.**

# NUSAS raak weer Rammetjie-uitnek

SKAARS 'n maand na hulle „suksesvolle" ontmoeting met min. Lourens Muller, het Nusas-leiers onlangs planne beraam vir 'n landswye betoging op 16 April. Dit sal saamval met die tienjarige herdenking van die sluiting van blanke universiteite vir nie-blankes en die stigting van afsonderlike universiteite vir nie-blankes.

Nusas ontken dat hulle ooit gesê het dat alle protesbetogings in hierdie jaar afgelos is. Hierdie verklaring is strydig met 'n vroeëre persverklaring waarin mnr. Duncan Innes, president van Nusas, gesê het dat alle studentebetogings vir hierdie jaar afgelas is. Hierdie ver-

Nusas gaan poog om dit, wat getalle betref, die grootste betoging ooit te maak. Steun van oudstudente, nie-blankes en buite-organisasies sal gevra word en lede van die universiteitsraad sal versoek word om die betogings te lei. Daar was selfs voorstelle dat Afrikaanse universiteite versoek word om deel te neem.

## Doktorsgraad op 73



*Prof. F. J. (Lappies) Labuschagne, voormalige hoogleraar in Taalkunde en hoof van die departement Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit, wat die D.Litt.-graad met onderskeiding op 73-jarige leeftyd onder promotorskap van prof. H. Venter verwerf het. Die onderwerp van sy proefskrif is: Die Funksielingemaat in Afrikaans: 'n Lingologiese benadering.*

# ONTVANG RAADSMEDALJES



*Mnr. J. P. L. van der Walt, voormalige onder-voorsitter van die Studenteraad (links), en mej. Heilna Venter, primaria van De Klerkhuis in 1968, aan wie die Raadsmedaljes vir 1968 toegeken is. Die oorhandiging vind môre op die gradeplegtigheid plaas.*

# WILLEM JOHANNES WORD JARIG KARLIEN VIER FEES

**WIE 't gesê net mense kan verjaar en partytjies hou? Karlien het Vrydagmiddag ewe plegtig hulle troeteldierdonkie se verjaardag gevier!**

Willem Johannes, alias Wimpie, is op 22 Maart 1968 amptelik deur Karlien „aangeneem" en na die pa van die koshuis vernoem. Vanjaar is die eerste verjaarsdag in Karlien se tuin gevier met 'n volbloed tuinpartytjie.

Pragtig versier met rooi blomme en 'n „lourierkrans", is Wimpie tussen die gaste deur geneem deur die primaria, Ansie Beukes, om „bekend gestel" te word.

Die kleredrag was van só 'n hoë gehalte dat die seremoniemeesteres, Ansie Booyens, twee pryse moes uitloof. Die een het gegaan aan twee modieuse dames, Marietjie Uys en Jenny Burggraaf. Die ander was mejj. Verlig en Verkramp wat modes uit die jare 1869 en 1969 vertoon het: die veelbesproke mini en maksie!

# Rhodesië - geen onmiddellike skikking - prof. Coetzee

**„DAAR is nie 'n moontlikheid van 'n skikking in die nabye toekoms tussen Brittanje en Rhodesië nie, behalwe as daar 'n radikale verandering in die benadering van een van die twee partye kom", het prof. J. H. Coetzee op 'n vergadering van die Afrika Instituut gesê.**

Volgens prof. Coetzee, loop die ingeslane weë van die onderskeie partye al verder weg van mekaar.

Die geskiedenis van Rhodesië voor en na UDI is volledig deur dié Afrika-kenner en mnr. G. H. Snyman, ook verbonde aan die Volkekunde departement, behandel. Daar is 'n vergelyking getref met die huidige toestand in Rhodesië en probleme wat Amerika sowat tweehonderd jaar gelede met Brittanje **gehad het.**

Uit vrae aan die sprekers gestel, het die volgende duidelik geblyk:

— 'n Blokkade in die hawe van Beira vind nog steeds plaas — prof. Coetzee wou egter nie uitwei oor 'n vraag waar Rhodesië tans sy olie vandaan kry nie.

— Die Smith-regering is huiwerig om 'n republiek uit te roep want dit sou 'n finale breuk met Brittanje beteken.

— In Rhodesië word meer en meer van „community development" gepraat en segregasie word ook genoem.

— Rhodesië beoog nie 'n mededelingsregering nie maar maak melding van drie parlemente in die onderskeie volksgroepe met 'n koepelliggaam wat uit blankes sal bestaan.

— 'n Konserwatiewe regering in Brittanje sou nie veel veranderings maak in die beleid teenoor Rhodesië nie want Brittanje kan dit nie bekostig nie.

**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

# AFSPRAKE...

29 Maart — Eeufees-atletiekbyeenkoms, Bill Swart Ovaal.
31 Maart — Huiskom-kenmekaar gereël met Thaba Jäh, Over de Voor deur Klawerhof.
28 Maart — Oosterhof intertee met Hombré.
28 Maart — Gradeplegtigheid: voorgraadse diplomas en eerste grade.
29 Maart — Gradeplegtigheid: nagraadse diplomas en gevorderde grade.
1 April — Florna-geselskap na Ysskaatsbaan in Johannesburg.
1 April — Laaste dag vir wysiging van leergange.
2 April — Sluiting vir kort vakansie.
16 April — Heropening van die Universiteit.
17 April — P.N.B.-programvergadering.
18 April — Kruiwaresies (A.O.B.),
18 April — Massa-intertee (A.O.B.).


## Potch Inry

**Tel. 5307 of 6345 bedags**

VRYDAG 28 en SATERDAG 29 MAART
EERSTE VERTONING:
**FOLLOW ME BOYS**
Fred MacMurray en Vera Miles.

TWEEDE VERTONING:
**THE ANNIVERSARY**
Betty Davis.

MAANDAG 31 MAART en DINSDAG 1 APRIL
**THE ADVENTURES OF BULLWHIP GRIFFIN**
Roddy McDowall en Suzanne Pleshette.

WOENSDAG 2 en DONDERDAG 3 APRIL
**TIGER BAY**
John en Hayley Mills.

## Goue Weste Inry

**Tel. 6437**

VRYDAG 28 en SATERDAG 29 MAART
EERSTE VERTONING:
**THE LAST SAFARI**
Stewart Granger en Gabrielle Licudi.

TWEEDE VERTONING:
**DARLING**
Laurence Harvey en Julie Christie.

MAANDAG 31 MAART *TOT* DONDERDAG 3 APRIL
**THE PROFESSIONALS**
Robert Ryan en Lee Marvin.

## 20th Century

VRYDAG 28 en SATERDAG 29 MAART
**PRUDENCE AND THE PILL**
Deborah Kerr en David Niven.

MAANDAG 31 MAART
**THE CLIMAX**

DINSDAG 1 APRIL
**THE SOUND OF MUSIC**
Julie Andrews.

WOENSDAG 2 en DONDERDAG 3 APRIL
**WHERE WERE YOU WHEN THE LIGHTS WENT OUT**
Doris Day.


die WAPAD

# *Konfrontasie*

'n AFRIKAANSE universiteit waarvan die rektor die mening toegedaan is dat daar nie so iets soos 'n Christelike wetenskap is nie, dat daar geen verskil tussen Christelik-nasionaal en Christelik Nasionaal bestaan nie en wat oortuig is daarvan dat dit die studente is wat die gees en karakter van 'n universiteit bepaal, is vir ons 'n vreemde verskynsel.

Ons moet egter begin besef dat dit nie meer 'n vreemde verskynsel in Suid-Afrika is nie. Konsolidering na binne is goed, maar isolasie en geen kennisname van gangbare standpunte buite ons kampusgrense wat met ons oortuigings bots, is gevaarlik. Oortuiging word versterk deur konfrontasie.

Die tyd is nou ryp om, nie net op Studenteraadsvlak nie, maar ook op verenigings- en persoonlike vlak, daadwerklik met ons mede-Afrikaanse studente in Suid-Afrika in aanraking te kom. Die tyd is ryp dat ons deur hulle gekonfronteer moet word en dat ons hulle met ons oortuigings moet konfronteer.

Dit is 'n bittere feit dat die meeste Afrikaanse universiteite ruimte bied vir alle geestestrominge, behalwe die Calvinistiese. Dáár is vir ons 'n taak!


## REDAKSIE

Hoofredakteur: Jan-At Kruger — tel. 8039
Sub-redaktrise: Martie Kruger — tel. 8039
Nuusredakteur: Francois Venter — tel. 2050
Interuniversitêre redakteur: Dirk Laufs — tel. 4638
Sosiale redaktrise: Rika van Graan — tel. 4477
Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —
Sportredakteur: Henk Coetzee — tel. 4869
Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
Sirkulasiebestuurder: Gideon van der Nest — tel. 2019
Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
Sekretaris-penningmeester: Lourens du Plessis — tel. 2019
Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 2172
Medewerkster: Ansie Booyens — tel. 3214
Fotograaf Verslaggewer: Du Preez Martins.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg; Hennie Horn; Hennie de Villiers.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger.
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Amalia du Plessis; André le Roux; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlena Lemmer; Rika van der Walt; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel; Retha le Roux.



**SKOEN- EN FIETSREPARASIES**

★ EN FLINKE DIENS

★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE

**HUIS EN TUIN**

(Langs Volkskas op die Bult)

★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ PLATE

by

**PRO REGE - PERS BEPERK**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.


# Uit die Woord

## Erediens van ongekapte klippe

Deut. 27; 6 (a): *„Van ongekapte klippe moet jy die altaar van die Here jou God bou..."*

*Besef ons... die kerklike erediens is veel meer as ons eie behoeftebevrediging? Gaan ons kerk toe met die hoofsaaklike doel om voedsel vir ons siel te kry? Wil ek in my kerkbesoek maar net myself tevrede stel met wat ek as behoefte voel wat vir my mooi is?*

*Nee, God verorden sy erediens as met nuwe ongekapte klip. Geen hamer en beitel moet deur my daaroor heen geswaai word nie.*

*Voedsel, versterkende voedsel, dit kry ons werklik as ons kerkbesoek aan die ware doel daarvan beantwoord — dit is die ontmoeting met God in die erediens soos Hy dit vir Homself verorden het.*

*In die Ou Testament sien ons in Jerusalem 'n altaar met sy voorkant na die voorkant van die tempel gerig. In die tempel in die allerheiligste staan die ark met sy versoendeksel en gerubs. Dit is die troon van God. Vandaar deel Hy seën en genade uit. Die erediens wat by die altaar plaasvind, is op God se troon gerig — op God wat troon waar die gerubs woon.*

*Op die altaar van vrede — die kruisaltaar — het Christus, volmaak gehoorsaam, eenmaal die volmaakte vredeoffer gebring. Daar het Hy sy volmaakte diens op God se troon gerig. So het Hy ook weer ons diens versoenend gerig, want dit is nou weer op die ware beeld van God gerig. Daardie beeld het ons verloor deur die sonde en ons ontvang dit in Jesus Christus en deur Hom terug.*

*Nou vind die ontmoeting van God en sy kinders — die erediens — in die allerheiligste onmiddellik voor God se troon plaas. Nou; in beginsel voor die troon waar Jesus Christus sit aan die regterhand van God die Vader.*

*Nou; omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat ons deur die offer van Jesus Christus geheilig is, buig ons saam met ander geheiligdes voor Hom dankbaar neer in gemeenskaplike eerbied.*

*En Hy nader ook tot ons deur sy Woord en prediking — sielevoedsel uit die ontmoeting — die verrykende gemeenskap met Christus. Suiwer daardeur sonder enige ander. Sonder ons beitel en hamer geswaai — alleen Gods Heilige Gees reël die ontmoeting met die Woord.*

M.J.H.

# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

DIT lyk vir my ons lewe in 'n tydperk van vernuwing op die Puk. Hartlik geluk aan die Regsvereniging wat in opdrag van en in samewerking met die A.S.B. weer eens 'n uiters geslaagde skynhof gehou het. Dat dit meer as akademiese belangstelling gaande gemaak het, blyk uit die groot aantal nie-regstudente wat ook daar was. Dan ook 'n handdruk aan die P.N.B., Departement Staatsleer en Regsvereniging vir hulle grootse bydrae tot akademiese belange deurdat hulle adv. D. P. de Villiers hier laat optree het. 'n Mens is geneig om in terme van ontspanning altyd te dink aan suiwer sosiale of liggaamlike ontspanning. Maar het bogenoemde twee geleenthede nie vir ons bewys dat daar ook so iets soos akademiese, of dan sosiaal-akademiese, ontspanning bestaan nie?

Uit hoofde van die belangstelling wat dit gaande gemaak het, wil dit voorkom of dit 'n rigting is wat nog veel belofte inhou vir die toekoms.

As ons dan moet ontspan soos normale mense, is dit nie 'n goeie ding dat ons so nou en dan intelligent ontspan nie? Nee, ek het dit nie teen sleep nie! My apologie ook aan diegene wat dink studente is nie mense nie, en dosente wat dit mag bevraagteken dat 'n student tekens van intelligensie kan toon.

Korps vier ook fees. Dis wat die plakkate sê. Terloops, het Korps nie nou, veral met sy feesvierings, nodig om sy metodes van aanbieding te vernuwe ten einde sy bestaansreg nie net prinsipieel nie, maar ook materieel te regverdig nie?

Dat Korps prinsipieel bestaansreg het, is 'n uitgemaakte saak, want Korps stel hom ten doel die bevordering van Calvinisme. Maar as Korps beoordeel word na die belangstelling wat hy gaande maak, kom die vraag by jou op of dit slegs die belangeloosheid van die student is wat die oorsaak is.

Over de Voor vertoon homself weer as die reus onder die manskoshuise vanjaar. Min dinge wat op inter-koshuisvlak gebeur het, staan nie in verband met Over de Voor nie — hetsy direk of indirek. Liberalia het die inter-koshuisatletiek gewen, Kompleks toon ook tekens van lewe maar Makouvlei en Gatland het name op 'n landkaart geword. Oor dameskoshuise wil ek nie nou uitwei nie. Shakespeare het gesê: „Hell hath no fury like a woman scorned."

'n Laaste gedagte: die vakansie is op hande. Vir die slepers is dit 'n onheilspellende tien dae van verwydering. Vir diegene wat die sosiale aanvaarbaarheidskwalifikasie van 'n kys moet ontbeer om verstandige of ander redes, is dit tien dae van uitbreek. Dit klink ironies, maar die lewe het sy kompensasies. Of soos die Engelse sê: „You can't have the cake and eat it."

# SPYKERBANKKANTAE

DEUR DRUKSPYKER

**Gedeporteer,** ja gedeporteer, sê ek julle . . . Scorpios was ook nie goed genoeg vir my nie en nou moet ek maar tevrede wees met . . .? Toemaar ek ken ook die spreuk wat sê: 'n profeet word in sy eie land nie geëer nie —maar dit maak ook nie eens meer saak nie.

Op 'n sekere aand op 'n sekere braaivleis het die ene **Gert Smit** besluit dat hy die soeklig aan sy doedie **Ina Oosthuizen** se vinger sal steek. Soos uit betroubare bronne verneem word, was dit die enigste lig in die duisternis.

Ja mense, as dit darem nou nie 'n sprekende voorbeeld vir elkeen van ons is nie — hoe is dit dan dat die dames die bande met Ikeys aan die gang moet hou? **Cornel Burger** sê dat sy baie gelukkig is met **Uys** — daar naby die Suidpool, maar sy het my darem verseker dat sy hart nie van ys is nie.

**Ria Erasmus** sleep nou met óu meneer **Trichardt Malan** en sy sê dat sy alreeds baie meer weet as wat sy geweet het voordat sy Puk toe gekom het. Ek stem saam Ria, 'n mens word nooit te oud om te leer nie!

Om nie eens te praat van leer nie — **Louis van Rensburg** het nie eens 'n doktorsgraad nodig om **Renate Kreusel** se hartsnare te roer nie. Sý ghitaar kom hom hier baie goed te pas. 'n Bevoorregte man, sou ek sê.

Ai, dit maak my hart darem só bly as die weë wat eens op 'n tyd uit mekaar geloop het, weer bymekaar uitkom. **Marietjie van Zyl** en **Alic Kick** sal met my saamstem dat die ou wêreld van ons maar baie klein is.

Een ding staan soos 'n paal bo water — ons veelbelowende oujongkêrel het geval en net **Hettie Steenkamp** sal verstaan hoekom. Toemaar, ons ook, want ons verstaan ook daardie taal.

**Gerda de Villiers** sê my nou die dag dat sy alreeds twee jaar lank uithou, maar, dit was nie tevergeefs nie, want sy het 'n groot ruiker ter beloning gekry.

**Hein Laager** het glo laer getrek om **René Vos** en vir geen **geld** ter wêreld wil sy daarvan verlos word nie . . .!

Dan is hier 'n man op die Puk wat sy lyf seekat hou. Hy stoot glo sy voelers na Karlien se kant toe uit en die arme dametjie wat hom ten prooi geval het, is toe **Magriet Wijnja.**

Hier is nou 'n man wat van ROOI hou, maar glo my vry dit is nie net van die rooi wat hy hou nie, maar ook van die nooi binne in die rooi! Ja, nou sal **Lourens du Plessis** natuurlik maak asof hy nie weet van wie daar gepraat word nie. Hy is ook van mening dat daar nét één rooi Prefect en één mooi nooi soos **Wina Steyn** kan wees.

**Lia Schimmer** sê dat haar **Lammie** van Liberalia net so mak is as 'n lammetjie, maar daar moet onthou word: die kleinste botteltjie dra die grootste gif!

Kom laat ons liewer gaan vakansie hou.

Groetnis.

# Dramastudente in Johannesburg

DRAMASTUDENTE van die P.U. het Donderdag die voorreg gehad om in Johannesburg na King Lear, Shakespeare se grootste drama oor die konflik in die gees van 'n verstote koning, te gaan kyk.

Maandagaand sal hulle die opvoering van Hadrian in Johannesburg gaan bywoon. Die stuk is 'n uitbeelding van die kranksinnige droom van 'n paranoïese Katolieke genie wat totaal verstote is.

Later vanjaar sal die Dryden-Society 'n komedie van Shakespeare in Potchefstroom opvoer.

# U.T.S.V.V.F.S.E.P.U.V.P.A. TREE OP

**DIE Uitspantoneel- en sanggroepvermaaklikheidsverskaffers - aan - feesgangers - van - streekseeufeeste - van - die - Potchefstroomse - Universiteit - vermaaklikheidsbelasting - in - paaiemente - afbetaalbaar (sjoe!) — dít is die naam van die nuut opkomende, talentvolle Uitspanners. Hul professionele naam is „The thirty three Jacks and No Jill".**

Hierdie groep het verlede Saterdag 'n studente-bydrae gelewer by die Streekseeufees van die Universiteit te Krugersdorp. Oor hoe geslaagd die bydrae was, het die musiekregiseur van die groep aan ons verslaggewer gesê: „Ons groep is telkens teruggeroep omdat dit nog nie ons beurt was om op te tree nie!" Die luide applous waarmee hulle egter later begroet is, het daarvan getuig dat die gehoor van meer as tweeduisend van die spontane aanbieding gehou het.

By die eeufeesverrigtinge was die rektor van die P.U., prof. H. J. J. Bingle, en van die Teologiese Skool, prof. S. P. van der Walt, ook teenwoordig.

# KARNAVAL VIR DIE MASSA DEUR DIE MASSA

**FEESKARNAVAL 1969 is die massa se karnaval. Die karnavalkomitee loods net inisiatief, het die voorsitter, mnr. Kobus du Plessis in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.**

Die karnavalkomitee wil net leiding neem in aksies en die wiel aan die rol sit. Die hele karnaval sal sy doel mis as die massa nie meedoen nie. Oorspronklike idees vir kermisdag sal verwelkom word.

Die Puk kies hierdie jaar 'n „Puk-leeu", om nie maar soos ander universiteite te wees nie. Al die manne wat skeer kan van vandag af hulle lemmetjies en skeermesse spaar tot 2 Mei. Hierdie „leeu" gaan op grond van sy „maanhare" gekies word. Dit is nie al kwalifikasie nie. Die „debutante" sal op grond van warm koeldrankdrink en aartappelskyfie-eet ook beoordeel word.

Soos reeds bekend, sal die kollektelyste hierdie jaar ook vir kleurpunt tel. Alle belangstellendes kom vandag reeds om 1.30 nm. in die Totiussaal bymekaar om meer besonderhede omtrent die aksie te kry. Die kollektelyste word van vandag reeds versprei en die verspreiding sal nog tot Woensdag duur.

# Florna

DIE hoofbestuur van Florna is onlangs tydens 'n algemene vergadering gekies. Wout ten Haaf is voorsitter, Botter Botha penningmeester en Gustav Rölves sekretaris.

Die voorsitters van die Bergklim-, Fietsry- en die Stapklub is respektiewelik Frits Brisley, Jan Combrink en Tinus du Plessis.

Groot belangstelling heers ook vir die stigting van 'n hengel-, roeiof kanoklub, en 'n klub wat hom sal toelê op die bestudering van voëls.

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

# *Ridders op wit perde?*

WAT is 'n mooier geluid as die geknars van gruis onder die haastige voete van 'n gesel wat om sy motor loop om die deur vir háár oop te hou? Wat laat 'n mens tintelend meer „dame" voel as 'n ligte hand teen die elmboog wanneer 'n mens saam trappe opklim? Niks kan 'n meisie se ego meer streel as wanneer 'n man by die deur wag dat sy voor hom kan uitstap nie.

Ongelukkig word die fyner, afgeronde galantheid van man teenoor dame deesdae erg afgeskeep. Ek praat nie nou van die Latynse minnaar wat 'n mens op die hande dra maar sy hoflikheid slegs as skerm vir sy intensies voorhou nie. Die gesegde dat 'n man 'n ware heer is as hy by 'n ware dame is, is algemeen bekend. Daarom behoort die meisie eers deur meditasie en introspeksie te toets of sy voldoen aan die eise vir 'n ware dame voordat sy dit waag om die manlike geslag van onridderlikheid te beskuldig.

Verdien 'n meisie dus respekvolle behandeling as sy ligsinnig en uitspattig is in haar optrede en kleredrag, as sy onverfynde taal gebruik, ooglopend grimeer en bowenal, as sy nie bewys dat sy die hoflikheid van 'n man teenoor haar waardeer nie? Met 'n knik van die kop en 'n glimlag kan 'n ou voel dat sy positiewe stelling omtrent galantheid erken word, en sal hy voortgaan op „die goeie weg".

As daar nou 'n maatstaf gesoek word om te toets of jy die volmaakte gesellin was, dink bietjie na of jou optrede teenoor jou maat die stuur van 'n ruiker na jou kamer sou regverdig . . .!

# Praat oor praat

DIE nuutgestigte Retoriese vereniging van die Puk het Maandagaand hul tweede en baie geslaagde byeenkoms gehou. Die voorsitterstoel is ingeneem deur mnr. Leon Wessels en baie aktuele onderwerpe het onder die hamer gekom.

Dr. E. J. Smit, dosent in semitiese tale het die een en ander verduidelik oor die struktuur, inleiding en slot van 'n toespraak. Hy het ook klem gelê op die fisiese optrede van die spreker voor 'n gehoor en het gewys op die verskillende gehore wat 'n mens te wagte kan wees.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."
Turkstra
BAKKERY
ook te kry by u kafeteria

A. VORSTER
APTEEK
Octron-gebou
Lombardstraat
VIR VINNIGE
AFLEWERING
SKAKEL 7074

# Geesteskrag oorwin

DIE belangrikste element by die Universiteit en Teologiese Skool is die geestelike, en die twee inrigtings moet oorwin deur geesteskrag, het prof. S. P. van der Walt, rektor van die Teologiese Skool, Saterdag by 'n streekseeufeesviering van die Universiteit en Teologiese Skool op Krugersdorp gesê.

Prof. H. J. J. Bingle het gesê dat dit niks minder as Godsbeskikking is dat die Universiteit nog sy Christelike karakter kon behou nie. Hy het daarop gewys dat hoewel nuwe dinge nuwe benaderings bring, daar altyd gepoog en getrag sal word om die regte perspektief op akademiese, koshuis-, verenigings-, studente- en sportlewe te handhaaf.

# Kolonel vertel

DIE historiese vereniging van die Puk het verlede week 'n geslaagde byeenkoms gehou waarop kol. Isak Meyer staaltjies uit die Tweede Vryheidsoorlog vertel in die beleggaam het met sy eie ondervindinge gedurende dié oorlog.

Tydens die byeenkoms is die nuwe bestuur vir 1969 gekies. Die nuwe voorsitter is Coen du Toit met sekretaresse Marilyn van Eeden. Daar is ook verteenwoordigers vir die onderskeie studiejare gekies.

JOUBERT
MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420
POTCHEFSTROOM
●
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE
TOERUSTING
●
Ons spesialiseer in die
verskaffing van
Jongste Plaat-opnames
*Kom besigtig ons groot reeks*

*Cachet Modes*
(EDMS.) BPK.
Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom
ONS HOU ALLES AAN WAT DAMES BENODIG
★ *Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal*

## O.19-span vertoon mooi

In 'n sprankelende wedstryd tussen die Puk se onder 19 span en die span van Diggers het Diggers daarin geslaag om die Pukke met 18 — 5 te wen.

Wat veral opmerklik was, was die talle agterlynbewegings aan beide kante. Die voorspelerspel was hard en die twee pakke moes dit uitspook om hulle gretige agterlyne die nodige kanse te gun om punte aan te teken.

Onder die agterspelers moet veral die naam van C. Venter uitgesonder word, wat vir 'n paar pragtige bewegings gesorg het. Dit is die eerste keer dat hy skrumskakel speel. Onder die voorspelers was dit veral Aucamp en Coetzer wat die oog gevang het.

Die punte vir Puk is soos volg aangeteken: Claassen en Venter elk 'n drie, terwyl Van Vuuren met drie strafskoppe geslaag het.

## Eeufeesrugby:

# THEOS WEN OUD-STUDENTE


**DIE Theos het Woensdagaand daarin geslaag om die oud-studentespan met 21—9 te verslaan. Die oud-studentespan het spelers ingesluit soos Toy Dannhauser, wat vir Transvaal diens doen, en manne soos Herman Venter, Johan van der Schyff, Piet van der Schyff, Jan Schutte en Louw Geyser.**

Die voorspelers het 'n harde stryd gehad en veral in die lynstane, waar dit uitgespook moes word tussen Piet Brand en Toy Dannhauser. Piet Brand het die oorhand in die tweede helfte begin kry, terwyl Ferdie Postma die meeste skrums gewen het. Met die meeste balle in besit van die Puk kon dit nie anders dat hulle die wedstryd moes wen nie.

Daar is egter vir die Puk-span nog baie om op te verbeter. In die eerste plek sal daar nog 'n oplossing vir die agterlyn gevind moet word. As hierdie haakplek uitgeskakel kan word, sal die slaankrag van die agterlyn die Pukke 'n gedugte span maak. Verder is die spelers ook nog nie fiks nie, wat veral in die tweede helfte van die wedstryd bewys is deur die losspel en die swak ondersteuning.

Uitblinkers in die Theos-span was Piet Brand wat twee mooi drieë gedruk het, Gawie Yssel in die losspel, en Tiaan Coetzee wat weer eens bewys het dat hy 'n uitstekende vleuel is. Louw Geyser het vir die oud-studente goed vertoon terwyl Johan van der Schyff met tye gevaarlik vertoon het.

Punte vir die Pukke is aangeteken deur: Piet Brand (2 drieë), Tiaan Coetzee (1 drie), Postma en Du Plooy elk 'n drie terwyl Piet Bruwer drie van die drieë vervyf het. Punte vir oud-studente: Frik Swart sorg vir 'n drie terwyl Toy Dannhauser en Johan van der Schyff elk met 'n strafskop geslaag het.



(Foto: Wytze van Wyk de Vries)

*'n Lynstaan sentreer hier om die bal in die rugbywedstryd tussen Heimat en Uitspan. Die uitslag van dié wedstryd, wat Woensdag plaasgevind het, was 12—3 ten gunste van Uitspan.*

## Gedenkalbum interessant

DIE Gedenkalbum van die P.U.-Atletiekklub, vol interessante gegewens en tegnies puik versorg, het die afgelope week onder leiding van mnr. Gert Scholtz verskyn.

Die album bevat interessante gegewens van die atletiek aan die Universiteit vanaf 1869 tot 1969. Dit gee onder meer die uitstaande prestasies van Puk-atlete van die stigting van die klub af tot die uitslae van die eerste byeenkomste aan die begin van die jaar.

Daar is ook stukkies geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die klub. Die aksiefoto's is uitgesoek uit die bestes wat in koerante verskyn het.

Die prys van die album is R1.00 en kan by 'n stalletjie op die kampus of by mnr. Piet Malan gekoop word. Die opbrengs is ten behoewe van die oorsese atletiektoer wat beoog word.

**(Waarom die woord „Ereblazers"? — red)**

## Sokkerspan verloor

DIE Puk se jong sokkerklub het Saterdag die eerste wedstryd van die seisoen verloor en moes die knie buig voor die spanne van Klerksdorp. Die A-sowel as die B-span het 4—0 verloor.

## Geen keer aan onder 19's

DIE 019-rugbyspan van die Puk het Saterdag 'n weghardloop-oorwinning oor die span van Blyvooruitzicht behaal.

Daar was net geen keer aan die span nie en die punte is opgestapel tot 24—11. Drieë is aangeteken deur Joggie Claassen (drie), Frans Kruger (twee), Piet Roodt (twee), Coetzer en Van der Ende en Venter elk een. André van Vuuren het vyf van die drieë vervyf.

## Die vrye natuur

Heerlike spookstories om die kampvuur, toebroodjies in die veld, koppies klim en swem in die Vaalrivier: dit is die dinge wat Florna geniet het toe hulle hierdie naweek op die vakansieplaas by Schoemansdrif gaan kamp het.

Vrydagmiddag het die groep van veertig studente, met mnr. en mev. Dewald de Beer as kampouers, per bus vanaf die kampus vertrek. By hul aankoms op die vakansieplaas is daar begin met die braaivleis en daar is tot laat in die nag kampvuur gehou en ghitaar gespeel.

Saterdag het die geselskap berg geklim en daarna is die middagete in die veld geniet. Omdat die vakansieplaas in 'n natuurreservaat geleë is, het die bergklimmers ook wildsbokke, orgideë en baie veldblomme gesien.

Die baaskok, Gerrie du Preez, het vir die kos gesorg. Toe daar Sondag 'n tekort aan borde ontstaan het, is die wieldoppe van die naaste paar motors sommer gebruik! Verder is mielies in die as gebraai.

Florna se volgende uitstappie vind op 1 April plaas wanneer hulle na die skaatsbaan in Johannesburg gaan. Daar is plek vir 60 mense.



(Foto: Du Preez Martin)

*Henk Coetzee, wat hier met 'n vasberade uitdrukking op sy gesig afgeneem is in die rugbywedstryd teen die oud-studente, is op pad pale toe. Die eerstespan van die Puk het die oud-studente in die stof laat byt met 'n telling van 21—9. Agter hom is Jan Schutte van die oud-studentespan.*


BESKOU DIT AS 'N VOORREG OM HIERDIE SAAK TE STEUN

**BEVEG TERRORISME!**

'n Filmvertoning

**„THE SOUND OF MUSIC**

word aangebied om die euwel van terrorisme in ons land te bestry

**PLEK: TWENTIETH CENTURY**

**DATUM: Woensdag 2 April 1969 om 7.30 nm.**

Kaartjies en besonderhede verkrygbaar by

**LA VOGUE (Tel. 3822)**


## Rugby:

# Pukke spring goed weg: klop Vryburg

**DIE PUKKE het die rugbyseisoen goed begin deur al sy wedstryde verlede Saterdag op Vryburg te wen en die uitstappie is gekenmerk deur 'n baie aangename gees onder die spelers.**

Die Theos het die toeskouers vergas op goeie en doeltreffende rugby en het met 25—9 gewen. Twee vroeë drieë deur die tuisspan kon die studente nie afskrik nie en hulle het later vergoed vir hulle flaters in die eerste paar minute deur self vyf drieë in te ryg.

Alhoewel dit die Theos se eerste wedstryd van die seisoen was, het die voorspelers goeie spel in die los gelewer en het die span as 'n geheel goed gekombineer. Die agterspelers het die balle goed benut met goed geplaaste skoppe oor hul teenstanders se koppe en op dié manier is twee drieë aangeteken.

Die voorspelers met Piet Brandt, Gawie Yssel, Dawid van Aswegen en Hennie Coetzee aan die spits, het gelyk asof hulle hierdie seisoen groot dinge wil vermag. Daar was egter 'n paar tekortkominge, waarvan 'n gebrek aan slaankrag in die agterlyn en 'n goeie lynstaanman voor, die belangrikste was.

Onder die agterspelers het Tiaan Coetsee en Piet Bruwer stewig vertoon, terwyl Henk Coetzee sy gewone goeie spel gelewer het. Teuns Krüger, die Puk se beste flank, is ongelukkig in hierdie wedstryd beseer en is vervang deur Dawid van Aswegen.

- Drieë is gedruk deur Tiaan Coetsee (twee), Ibert Joubert, Danie van Wyk en Henk Coetzee. Piet Bruwer het geslaag met twee vervyf- en twee strafskoppe.


**U kan u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ **NUWE en VERSOOLDE bande**

Versoling nou ook verkrygbaar in die


★ **GOODYEAR G 800 loopvlak**

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**


*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*


DIT IS DIE SNIT WAT TEL . . .



★ Alba broeke
★ Mentone pakke
★ Monatic hemde
★ Battersby hoede
★ Gregory sokkies

**TOD SUTTIE'S**

*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*

Posbus 219 — Kerkstraat 177 Tel. 3411

POTCHEFSTROOM